LOEBI, DIE DRAAK - DIE BEGIN …

Hallo! My naam is Loebi. Ek is 'n draak, soos jy kan sien. Mense sal dalk sê daar is nie so iets soos drake nie, maar hulle is heeltemal verkeerd. Hier is ek dan!

Wys vir hulle hierdie foto van my as hulle jou glo nie. My ouma Heidels het die foto geneem.

Ons almal bly op die Drakeplaneet in Drakeland. Niemand sal weet dis daar nie, want hulle glo nie aan drake nie.

Ek en my familie bly in Drakedorp, in hierdie huis. Ek het 'n kruisie gemaak dat jy my kan sien, waar ek by die venster uitloer. Ek is baie klein op die foto.

As ek nie 'n kruisie gemaak het nie, sal jy nie eens geweet het dis ek nie.

Jy sou dalk gedink het dis 'n kolletjie, maar dis nie 'n kolletjie nie, dis ek, Loebi, die draak. As jy met 'n vergrootglas na die kolletjie kyk, sal jy dalk kan sien dis ek. As 'n mens of 'n draak van vêr af na iets kyk, dan lyk dit klein, al is die nie regtig klein nie.

Daar is baie drake, net soos daar baie mense is. Eens op 'n tyd, lank, lank gelede, het drake nog nie huise of strate of dorpe gehad nie. My oupa Loebibus het toe 'n masjien gebou. Ons noem dit die Loebibus-kyker. 'n Draak kan baie vêr sien as hy deur die Loebibus-kyker kyk.

Ons kyk na die aarde deur die Loebibus-kyker. Ons dink die aarde is 'n baie vreemde plek. Almal wil elke dag deur die Loebibus-kyker kyk. Dit staan bo-op die Drakensbult. Partykeer staan daar lang toue drake, want almal wil sien wat op die aarde aangaan.

Almal ken oupa Loebibus.
Hy is 'n baie beroemde draak.

Hier langsaan is 'n foto van oupa Loebibus.

Ek is nog net 'n klein drakie. Niemand weet van my nie. Maar *jy* weet nou van my! My naam is Loebi en ek is 'n draak.

Ek was nie altyd daar nie. 'n Paar draakjare gelede was ek in 'n eier! Ek het nie geweet dis 'n eier nie. Ek het *niks* geweet nie. Al wat ek geweet het, is dat ek in 'n donker plek was, want ek kon niks sien nie.



Ek het my voorpote al in die rondte geswaai. Ek het met my agterpote vasgeskop teen iets en heen en weer gewip.

Ek het dit nie toe geweet nie, maar die iets waarteen ek geskop het, was die kante van die eier! Ek het my stert heen en weer geflap, so vinnig as wat ek kon.

Hier is 'n foto van my eier. Ouma Heidels het dit afgeneem voor ek uitgekom het.

Ek het so te kere gegaan in die eier, dat daar skielik 'n klein bietjie lig was! Ek het my oë 'n paar keer vinnig geknip, want ek het mos nog nie geweet wat lig is nie.

En toe ek weer kyk … is alles helder lig. Ek het my oë styf toegeknyp, want die lig het my oë seergemaak. En toe hoor ek almal saam sê: "Daar is net een!"

Ek het nie geweet hoekom hulle dit gesê het nie. Nou weet ek. Daar is gewoonlik twee drake in 'n draakeier. Maar ek was alleen. Niemand weet hoekom nie. Net ek, Loebi, was in daardie eier. Maar toe het ek nog nie geweet dis 'n eier nie.

"Hy lyk nes oupa Loebibus!" het iemand gesê.

"Wie is oupa Loebibus?" vra ek. Ek het mos nog nie geweet wie oupa Loebibus is nie.

"Hoor net watse oulike geluidjies maak hy," sê iemand.

"Ek maak nie geluidjies nie. Ek vra wie is oupa Loebibus," sê ek vies. Ek probeer my oë oopkry, maar die lig maak my oë seer.

"Hy is nogal oulik," sê iemand.



Ek begin nou kwaad word. Hoekom antwoord niemand my nie?

“Hy is seker honger … “ sê iemand.

“Ja, ek is honger en wie is oupa Loebibus?” skreeu ek. “Ek wil nie soos iemand lyk nie. Ek wil soos ek lyk!”

“Hy kan verskriklik hard skreeu,” sê iemand.

“Waar is sy bottel?” skreeu iemand anders.

Toe kry ek uiteindelik my oë behoorlik oop en ek kyk rondom my. Ek sien net gesigte wat vir my kyk. “Wie is julle? Waar is my bottel? En wie is oupa Loebibus?” skreeu ek en spring op en af.

“Hardloop!” skreeu een van die goeters wat vir my kyk. “Gaan kry gou ’n bottel melk. Die melkboom daar voor in die tuin het nog baie melk.”

"Maak *gou*!" skreeu ek en spring nog meer op en af.

Dit is die storie van hoe ek uit my eier gekom het. Die goeters wat vir my gekyk het, was toe Pappa en Mamma en my twee sussies: Sussie-La en Sussie-Ba. Hier is 'n foto van hoe hulle vir my gelyk het toe ek uit die eier gekom het.

Ek sal volgende keer nog vertel.